# Cachet-biljet

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

26 Julie 2020



www.gkcachet.org.za

## Afrikaanse eredienste

Sondae 9:30 & 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op die NWU-PUK kampus, Hoffmanstraat 28

## English worship service

Sundays 11:00

In the Church House on the NWU-PUK Campus, Hoffman street 28

**Kerkkantoor in die GS**

Lulu Coetsee – 018 294 4894
of 079 494 7360
Dinsdae- & Vrydae oggende 8:30-12:00

**Predikant**

Brahm Robinson – 064 656 1374
brahmrobinson@gmail.com

## Kontakpersone & Inligting

**Hulppredikante:**
Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Pastorale berader:**
Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

**Diakonie (vir koskas, nood & skenkings)**
Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
ID Nagel – 072 926 6851
idvnagel3910@gmail.com

**Koster & Powerpoints:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Vir vervoer na eredienste & kerkaksies:**
Zard Aucamp – 061 638 5247

**Bankbesonderhede:**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters & van

**Erediens preke & oordenkings:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

## Liturgy: Morning Service 26 July 2020

### Theological Student: Mduduzi Mahlangu
### (exam sermon)

**Pre-prayer**
**Votum and Greet Blessing:** Psalm 84; 2 Corinthians 1:2
Hymn of praise: Psalm 100:1, 2, 3, 4
**Confession of Faith**
**Law:** Exodus 20:1-17
**Prayer**
Sing: Psalm 23:1, 2, 3
**Scripture Reading and Preaching:** John 10:1-21 (ESV)
Focus verses: John 10:14, 15
Theme: Our Shepherd knows the Father and us and lays down His life on our behalf, let us put our trust in Him and follow Him
**Prayer**
Sing: Hymn 28 (Salvation unto us has come):1, 3, 5, 7
**Sending Blessing**
**Amen**

Livestream

## Liturgie: Aanddiens 26 Julie 2020

### Teologiese Student: Erasmus Venter
### (eksamenpreek)

**Votum en Seënbede**
Lofpsalm: Psalm 33-1:1, 5
**Geloofsbelydenis:** Apostolies (Twaalf Artikels)
**Wet:** Matteus 22:34-40
Sing: Psalm 119-1:1
**Gebed**
**Woordbediening:** Psalm 63 (Ou Vertaling)
Skriflesing te agtergrond: 2 Samuel 15:10-17 (Nuwe Vertaling)
Teksvers: Psalm 63:4
Tema: God se goedertierenheid is beter as die lewe self, daarom wil ek die Here loof
**Gebed**
Sing: Psalm 42-1:1, 5
**Seënbede**
**Amen:** Skrifberyming 13-3

Uitsending




## Lief en Leed:



- **Baie geluk aan Prof Henk Stoker wat verkies is as nuwe rektor van die Teologiese Skool! Baie sterkte en seën met hierdie groot roeping!**
- **Philip Hattingh het sy kandidaat-sertifikaat ontvang en kan nou aanmeld by die streeksinode om ondervrae te word vir beroepbaarstelling. Baie geluk!**
- **Ons is dankbaar saam met Jonker Venter wat 'n beroep ontvang het na GK Totiusdal. Sterkte ook aan julle in hierdie oorwegingstyd.**



## Liefdegawes:

**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

**Vir die werk van die diakonie:**

Snapscan vir eerste kollekte:

SnapScan

PXMP46287

Snap here to pay

https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287

**Oggend 1ste kollekte:**

Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollektes:

ABSA Tjekrekening

0670280012

Takkode: 632005

Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid (deponeer elke kollekte apart)

**Vir die werk van die diakonie:**

Snapscan vir tweede kollekte:

SnapScan

PVA181324

Snap here to pay

https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324

**Aand 2de kollekte:**

Instandhouding van die GS

EFT vir kollektes:

ABSA Tjekrekening

0670280012

Takkode: 632005

Verwysing:

- Instandhouding van die GS (deponeer elke kollekte apart)

| **Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:** | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>SnapScan<br>5kcTaV-I<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE HIERDIE WEEK:

| | |
|---|---|
| 27 Julie | Francois Venter |
| 28 Julie | Elsa Stoker |
| 31 Julie | Cheranté Snyman |
| 1 Augustus | Francois Greyling |





Juig voor die HEER met blye galme,
o ganse aarde, juig van vreug;
meld vrolik in verhewe psalme:
dit is Gods heil wat ons verheug.
Psalm 98:2B

# Nuus vanaf Admin Buro

## Beroep ontvang

Proponent GJ Venter (Jonker) na GK Totiusdal

## Beroepbaarstelling ingevolge KO, artikel 11

Ds MJ Nkili (Jafta)

# Administratief

## Attestaat vertrek:

- Jan-Hendrik Putter na *GK Potgietersrus*




SLINGERVEL

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR DIE JEUG

Augustus 2020

# Konferensie oor die 2020-vertaling van die Bybel

## aangebied deur

## Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Beste Kollegas en Vriende,

Die Bybelgenootskap het beplan om vier konferensies ter bekendstelling van die 2020-vertaling (BDV) by die volgende sentra te hou: Universiteit Stellenbosch (Communitas); Universiteit Bloemfontein, Teologiese Skool Potchefstroom en Universiteit Pretoria.

Weens die Covid-19 pandemie moes dit noodgedwonge gekanselleer word. Die onderskeie sentra bied tans hulle eie aanlynkonferensies elk op eie wyse aan.

Die kollegas wat by die konferensies sou opgetree het, se aanbiedings is nou op YouTube beskikbaar vir enigeen om daarna te luister.

Hier is die YouTube skakel na die konferensie: https://youtu.be/mL8JT4IVosM

'n Mens kan die skakel aflaai. Dit is so saamgestel dat iemand na al die video's aaneen kan kyk, of op die tydlyn-balkie kan kies na watter lesing 'n mens wil kyk.

Ons hartlike dank aan al die sprekers vir hulle moeite, en aan mnr. Leon Steenkamp wat die video's geredigeer en op YouTube geplaas het.

Ons vertrou dat die aanbiedings vir u 'n goeie oorsig van die verskillende aspekte van die vertaling sal bied.

Ons bede is dat hierdie vertaling tot groot seën vir alle lesers van die Bybel in Afrikaans sal wees.

Vriendelike groete

**Bernard Combrink**
Afrikaans 2020-vertaling

# KONFERENSIE OOR DIE 2020-VERTALING VAN DIE BYBEL PROGRAM VIDEO'S

| SPREKER | ONDERWERP |
|---|---|
| Bernard Combrink | Onderwerpe & Aanbieders |
| Bernard Combrink | Aanleiding tot en proses van die vertaling |
| Christo van der Merwe | Wat maak die 2020-vertaling so anders as die bestaande vertaling? |
| Jackie Naudé | Hervertaling van die Bybel volgens komplekse denke: Die 2020-vertaling as voorbeeld |
| Herrie van Rooy | Bronteks vir die OT, verbind aan vrae oor tekskritiek |
| Jorrie Jordaan | Bronteks vir die NT en verse "wat weggelaat is" |
| Andries Breytenbach | Die 2020-vertaling - 'n eerlike vertaling |
| Jan Barkhuizen | Klassifikasie van vertaalprobleme in die NT met illustrasies |
| Heilna du Plooy | Aspekte van die vertaling van poësie in die Bybel |
| Ernst Kotzé | Interessante Afrikaanse taalkundige aspekte van die 2020-vertaling |

## Laat waai vir Bybels in ons Virtuele Hardloop en Stap vir Hoop




Sondag 23 Augustus is 'n baie belangrike dag vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Ons herdenk op hierdie dag 200 jaar van Bybelgenootskapwerk in ons land.

Sommige van ons verjaarsdagvieringe moes weens Covid-19 gekanselleer word maar ons is nietemin oorgehaal om steeds hierdie wonderlike mylpaal te vier. Net soos baie ander organisasies gaan ons ook nou virtueel – 'n gepaste manier on 'n nuwe era in Bybelwerk te begin.

Die naweek se tweede eeufeesvieringe is propvol gebeure. Een van die opwindende aktiwiteite is ons Virtuele Hardloop en Stap vir Hoop. Deelnemers kan kies wanneer oor die naweek hulle 'n afstand van 5 km, 10 km, 21 km en 42 km wil voltooi.

Die geleentheid bied iets vir almal, so of jy nou daagliks 'n rustige stappie geniet of 'n ernstige atleet is, jy het die opsie om die afstand van jou keuse enige tyd tydens die twee dae te voltooi. Die

inskrywingsgeld is R100 vir die 5 km en R150 vir die res van die afstande. Deelnemers kan ook 'n bykomende donasie gee wanneer hulle aanlyn inskryf.

Kliek hier om vir die Virtuele Hardloop en Stap vir Hoop in te skryf

Fondse wat hierdeur ingesamel word, is ter ondersteuning van die Bybelgenootskap se 2 Miljoen Bybels-projek. Die doel van hierdie projek is om hoop te gee deur die verspreiding van twee miljoen Bybels en twee miljoen stelle Bybelgebaseerde geletterdheidsboekies aan Suid-Afrikaners wat dit nie kan bekostig nie.

Jy kan ons help om 'n verskil in mense se lewens te maak deur aan hierdie inisiatief deel te neem.

Baie dankie vir jou ondersteuning.

Seënwense

**lucky nkhoma**
hoof: kommunikasie & bemarking

bybelgenootskap van suid-afrika | VIER 200 JAAR van Bybelwerk in Suid-Afrika | 200 1820 - 2020

*****